Desember 2013 No 40

Koejawel Nuus

Koejawel Produsente Vereniging
Guava Producers' Association

Hoofstraat 258 Main Road
PAARL 7646
Posbus 426 P O Box
PAARL 7620

☎ [021 872-1501
Fax [021] 872-2675
: victor@guavas.co.za
: **www.guavaproducers.co.za**

Redakteur/ Editor W**iehahn Victor**

Inhoudsopgawe / Index

		Bladsy
1.	Inhoudsopgawe	1
2.	Uit die Voorsitter se pen	2 - 3
3.	Koejawel-oes van 2013	4
4.	Ledeheffings	4
5.	Chemiese Spuitstof Ontledings	5
6.	Samevatting van Agri Sa Standpunte	6
7.	Hortforum SA	7
8.	Verbruikerstudie Olimpiade	7
9.	Kersgroete	8

UIT DIE VOORSITTER SE

INLEIDING

Dit was n gemiddelde jaar vir die koejawelbedryf. Die winter het op tyd Paasnaweek begin, maar toe bly reën weg tot Junie maand en die koejawel seisoen begin weer laat met minder koejawels in Mei as gewoonlik. Toe dit toe begin reën kry ons een van die natste winters in n lang tyd wat tot in November aanhou. Vrugte se gehalte het ook baie gewissel.

DIE SAP MARK

Die aanvraag na sapvrugte was goed en verwerkers kon alles verwerk wat aangebied is. Die swak Rand het ook bygedra dat verwerkers meer winsgewend kon uitvoer. Ons sal net graag wil sien dat die voordeel ook aan produsente deurgegee word.

DIE INMAAK MARK

Wat Inmaak betref, is daar meer koejawels ingemaak as verlede jaar wat goed is vir die bedryf en daar is ook weer na die uitvoer-mark gekyk wat in die verlede afgeskeep is as gevolg van te min produk. Die verwerkers het gekla oor gehalte en veral oor kleur wat nie pienk genoeg is nie. Ons kan dit net toeskryf aan die laat winter en koue wat toe eers saam met groot reën gekom het. Pryse het wel gestyg met ongeveer 21% waarvoor ons dankbaar is, maar boerderye bly steeds onderdruk as gevolg van die skerp styging in lone, diesel en ander insette buite ons beheer.

DIE VARS MARK

Die mark was ondervoorsien as gevolg van klein en swakker gehalte vrugte.

Ons dink nog steeds daar is ñ groter behoefte vir vars verpakte koejawels in die mark. As produsente meer waarde kan toevoeg met beter verpakking is daar goed geld te maak veral aan kettingwinkels. Die Kaap alleen trek al hoe meer mense wat meer gesondheidsbewus is. Ons moet net op gehalte fokus en nie ñ minderwaardige produk in mark sit.

VRUGTEVLIEG

Vrugtevlieg raak al groter probleem omdat koejawels in winter voorkom en dan die heel jaar op jou plaas is met ander vrugte ook. Ons stel voor dat produsente gebruik begin maak van helikopter-bespuiting. Dit maak ekonomies sin en beheer is goed.

GEVOLGTREKKING

Dit is duidelik dat daar weer stadig ñ oplewing in die koejawelbedryf kom. Produsente moet insette so laag as moontlik hou sonder om gehalte te verlaag.
Verwerkers moet na buitelandse markte kyk sodat daar weer groei in produksie kan plaasvind. Verwerkers moet ook kostes so laag moontlik hou vir winsgewendheid in die bedryf.

Soos Oom Cornell Grobbelaar altyd gesê het Koejawelboorde is n langtermyn belegging. Bou goeie verhoudings met u verwerker oor die jare op. Jy is net so afhanklik van hom as wat hy van jou is.

MAG DIE KERSFEES VIR U VREUGDE BRING EN ALLE VOORSPOED OP PLASE EN FABRIEKE.

Groete

Poena Malherbe
Voorsitter

KOEJAWEL-OES VAN 2013

Die laaste koejawels van die 2013-seisoen is gedurende die laaste week van November gelewer. Die gehalte van die koejawels gedurende die seisoen was gemiddeld met die grootste klagte van te ligte kleur pienk vir inmaakkoejawels.

Die toetale oes was ietwat meer as die vorige jaar en het ook later as normal begin. Die wisselvallige klimaat het beslis 'n invloed op die gehalte, asook die grootte van die oes gehad. Vruggrootte was ook wissellend.

Die voorlopige oessyfers vir die afgelope seisoen in vergelyking met die vorige twee jaar word in die tabel gegee.

	2011	**2012**	**2013**
Verwerk	15 899	17 450	18 022
Vars	5 000	5 000	5 000
TOTAAL	**19 899**	**22 450**	**23 522**

LEDEHEFFINGS : VARS VERKOPE

Produsente wat koejawels gedurende 2013 vars bemark/verkoop het, moet asseblief hul ledeheffings aan die Vereniging oorbetaal. Ledeheffings beloop R6-00 per ton koejawels wat vars bemark is. Gelde kan inbetaal word by :

ABSA Bank, Rekening no. 400 159 459

U ondersteuning vir u Vereniging word waardeer

CHEMIESE SPUITSTOF ONTLEDINGS

Vir die 2013-seisoen was daar weereens ontledings vir chemiese spuitstowwe op vars koejawels gedoen. Ewekansige monsters van lewerings van koejawels vir verwerking is getrek en ontleed vir chemiese spuitstowwe, asook swaar metale.

Die vyf fabrieke wat koejawels verwerk het, het 86 monsters vir chemiese spuitstowwe en 9 monsters vir swaar metale laat ontleed. In alle gevalle het die monsters skoon getoets en kon die koejawels met vrymoedigheid verwerk word. Kopers van koejawelprodukte dring aan op sertifikate van voldoening, asook naspeurbaarheid van chemiese spuitstowwe.

Produsente se samewrking in dié verband word waardeer. Hierdie is 'n noodsaaklikheid vir die voortbestaan van die bedryf oor die langtermyn.

Besoek ons Webwerf

www.guavaproducers.co.za

Skryf vir ons 'n briefie

victor@guavas.co.za

SAMEVATTING VAN AGRI SA STANDPUNTE

1. Die beleidsomgewing moet sodanig bemagtigend van aard wees om investering, ekonomiese groei en werkskepping te bevorder.

2. Skaalvoordele en meganisasie is ononderhandelbaar in die landbou en staan nie kontrasterend teenoor werkskepping nie aangesien groei in die sektor ook laasgenoemde sal bevorder.

3. Verhoogde vlakke van welvaart moet geskep word en beleidsmaatreëls moet dit bevorder.

4. Vakbonde moet die belang van werknemers en werkgewers in ag neem want sonder die erkenning van die interafhanklikheid sal geen van die groepe se belange gedien kan word nie.

5. Doeltreffendheid moet op alle vlakke bevorder word.

6. Handel is ‘n belangrike sleutel vir ekonomiese groei en beskikbare en internasionaal aanvaarbare ondersteuning ten opsigte van markontwikkeling behoort volledig in die verband benut te word. Verwringende internasionale ondersteuning moet deur gepaste tarief maatreëls ondervang word.

7. Implimentering van ooreengekome beleid behoort doeltreffend geïmplimenteer te word.

8. “Branding” die plaaslike landbou as stabiele voorsiener van kwaliteit kommoditeite moet deel van enige bemarkingstrategie te wees.

9. Ongelykheid in die samelewing moet verklein word maar met die behoud van dit wat bevorderlik vir ekonomiese groei is.

10. Ekonomiese groei moet erken word as die enigste voertuig om welvaart te skep.

AGRI SA PRESIDENT : : JOHANNES MÖLLER

HORTFORUM SA

Die Koejawel Produsente Vereniging (KPV) is lid van die Hortforum^{SA} groepering. Die groepering verteenwoordig produsente van appels, appelkose, droëvrugte, inmaakvrugte, kersies, olywe, perskes, pere, pruime en proteas.

Die groep is 'n nie-winsgewende organisasie wat in belang van sy lede optree en dien as mondstuk om sake van gemeenskaplike belang te dryf. Die fokus is op die hortologie vrugte industrie en sal waar nodig koördinasie en ondersteuning bewerkstellig. Die Forum behoort 'n platvorm te skep waar sake van gemeenskaplike belang hanteer kan word.

Tydens die vergadering gehou op 19 November 2013 is aktuele sake soos : Arbeidskwessies, Arbeidsinspekteurs, Landbou Opleiding, Etiese handel (SIZA), Grondhervorming, Agri-Sector Unity Forum (ASUF) en Bien Donné Agri Cape Week, bespreek.

VERBRUIKERSTUDIE OLIMPIADE 2013

Vanjaar is die Verbruikerstudie Olimpiade vir die 30ste agtereenvolgende jaar aangebied. Daar het 233 skole van regoor die land deelgeneem aan die Olimpiade en 'n totaal van 4559 graad 11 en 12 leerders het ingeskryf.

Die hoofdoelwitte van die kompetisie om verwerkte vrugte generies te promoveer asook om 'n bydrae tot transformasie/opleidingaksies te maak. Die prysuitdeling het op 28 September 2013 by LNR Infruitec-Nietvoorbij, Stellenbosch, plaasgevind. Die Verbruikerstudie Olimpiade sal vanaf 2014 deur die Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein, aangebied word.

Die Voorsitter, Bestuurslede asook die personeel van die

KOEJAWEL PRODUSENTE VERENIGING

Wens u 'n vreugdevolle feestyd en 'n Voorspoedige 2014

The Chairman, Members and staff of the

GUAVA PRODUSERS ASSOCIATION

Wish you a joyful season and a prosperous 2014